UIT DIE SERNICK-KRAAL

Van Sernick aan jou

Fokus op produksie

Waarop spandeer ons ons tyd, fokus en energie? Die twee hoofdrywers van winsgewendheid is doeltreffende produksie en gunstige in- en uitsetpryse. Die primêre produsent is in die meeste gevalle 'n prysnemer. Die produk se prys word hoofsaaklik deur vraag en aanbod bepaal, plaaslik en internasionaal.

Daar is wel maniere om 'n beter prys te beding deur middel van handelsmerke, gehalte, waardetoevoeging en konstante voorsiening. Daar is egter 'n gebrek aan formele kanale en kriteria, soos 'n graderingstelsel, groepbemarking en maklik bekombare uitvoergeleenthede, om premies te beding. 'n Produsent kan nie pryse bepaal of gunstig genoeg verander om volhoubare en winsgewende produksie te verseker en dit boonop te laat groei nie.

Optimale produksie

Wat wel in ons hande is, is produksie. Spandeer dus jou tyd, fokus en energie om optimaal te produseer en sodoende swak prysscenario's teen te werk.

Voeromsetdoeltreffendheid in die voerkraal word in die voerinname-tot-groeiverhouding weergegee. Voeromset word hoofsaaklik deur genetika en voergehalte (opneembaarheid) beïnvloed. Produksiedoeltreffendheid kan verhoog word en prysrisiko's verminder word deur diere met 'n goeie voeromset te identifiseer, geneties daarvoor te teel en hoëgehalte voer te gebruik.

Vir elke 1kg verhoging in voerinname, verswak die voeromset met 0,56kg. Die aanname is dat die gemiddelde daaglikse toename (GDT) konstant op 1,8kg per dag bly. Met 'n 10kg inname per dag en dus 'n 5,56:1 voeromsetverhouding (VOV), moet die karkasprys R44,20 wees om die teikenwins te behaal. Met 'n verswakte VOV van 7,78:1 moet die karkasprys R48,70 wees om die teikenwins te behaal. 'n Laer karkasprys kan dus met meer doeltreffende produksie teengewerk word.

Voordele van intensifisering

Die hoofdoel van intensifisering van 'n skaapboerdery is om die lam- en speenpersentasie te verhoog. Intensifisering behels die sinkronisasie van ooie, dragtige merrieserum (DMS)-inspuitings en die gebruik van lamhokkies. DMS kan die lampersentasie met tot 20% verhoog. Die speenpersentasie kan tot soveel as 30% verhoog word met die gebruik van lamhokkies. Lammers word dan teen koue, roofdiere en swak moedereienskappe beskerm.

Realisties kan 'n 30% verhoging in die speenpersentasie met behulp van dié twee faktore behaal word. 'n Verlaging van R1 in die speenlamprys kan teengewerk word met 'n verhoging van 5% in die speenpersentasie – die gemiddeld in verskillende scenario's. Dus kan 'n daling van R6 in die speenlamprys teengewerk word met die verhoogde speenpersentasie van intensifisering.

Winsmaksimerende voerperiodes

Produksiedata kan gebruik word om winsmaksimerende voerperiodes in 'n voerkraal in verskillende prysscenario's te bepaal. Die optimale voerperiode vir Bonsmarabeeste is 168, 154, 126 en 112 dae – indien die voerprys onderskeidelik R2 500, R3 000, R3 500 en R4 000 per ton is.

Dus moet die voerperiode sowat 18 dae korter wees vir maksimum wins vir elke R500/ton toename in die voerprys. Die voerperiode moet sowat nege dae langer wees vir maksimum wins vir elke R2 toename in die karkasprys. Dus kan die wins steeds geoptimaliseer word of die verlies beperk word deur in enige prysscenario op produksiedata te steun. VP

Kontak ons gerus vir meer inligting.
Phillip Oosthuizen:
Hoof van Ekonomie en Navorsing
Sel: 076 901 8763
Epos: phillip@sernickgroup.co.za
Webtuiste: www.sernick.co.za

Gaan slaap met 'n droom en word wakker met 'n doel.

Die krag van optimisme

Invloedryke landboupersoonlikhede span saam by ALFA 2019.

Suid-Afrikaanse landbouers is uniek